# Naamloos

Youth Mag

April tot Mei 2016 Uitgawe 12

NG Gemeente Rietfontein-Suid



Espresso YOURSELF



**Beste vriend en vriendin in geloof.**

Welkom terug na die vakansie, glo en vertrou dat dit goed gaan met julle. Kan julle glo dit is al die 2 de Kwartaal, voel soos gister wat ons afgeskop het met die jaar. Die tweede kwartaal is propvol pret en geleenthede waarby jy betrokke kan raak. Mei maand is ons Pinkster maand waar ons baie gaan fokus op ons jaar tema van ***Gestuur*** en wil ons almal nooi om in te skakel. Ons gaan komberse en warmklere insamel vir behoeftiges in ons gemeenskap, ons gaan ook ander projekte hê wat later bekend gestel sal word waar ons die gemeenskap op verskillende maniere wil bedien en Christus se liefde met hulle deel.  So moet dit nie misloop nie.

Ons volgende Social is die 7de Mei – Paintball, verdere inligting sal later deurgegee word aan almal. As julle warmklere het wat julle nie meer dra nie of wat nie meer pas nie bring dit asb. vir ons Kerk toe, asook komberse vir ons winter uitreik projek. Neem asb ook kennis dat ons nie meer Aanddienste het op `n langnaweek nie. Sterkte ook aan die 2015 Belydenisgroep, hulle belydenisaflegging vind plaas op 24 April 18:00.

Mag  dit vir elkeen `n geseënde kwartaal wees, waar jy ervaar die Here stap `n pad saam met jou en dat Hy elkeen geroep het om `n verskil te maak in die wêreld, deur met ander die goeie nuus van Christus te deel. Dit is my gebed. Seën vir julle!

**Gemeente Visie:** **Deur Christus-liefde gee ons vir almal om!**

# APRIL 2016

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 **Oggenddiens** **🕮 09:00** | 4 | 5 **Skole Open** | 6 **Solum 18:30** | 7 | 8 | 9 |
| 10 **Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15** **Aanddiens 🕮 18:00** | 11 | 12 | 13 **Solum 18:30** | 14 | 15 **Gemeen -tekamp** | 16 **Gemeente -kamp** |
| 17 Gemeentekamp **Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15** **Aanddiens 🕮 18:00** | 18 | 19 | 20 **Solum 18:30** | 21 | 22 | 23 |
| 24 **Jeugkuier 17:15** **Belydenis - aflegging** **♫Youthbash♫ 18:00-19:30** | 25 | 26 | 27 **Vryheidsdag** | 28 | 29 | 30 |

“The Lord did not tell us to build beautiful churches, but to evangelize the world” -– **Oswald J. Smith**

# Mei 2016

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>Oggenddiens<br>🕮 09:00<br>Werkersdag<br>**Geen aanddiens** | 2<br>Openbare Vakansiedag | 3 | 4<br>**Solum 18:30** | 5<br>**Hemelvaart** | 6 | 7<br>**Social** |
| 8<br>**Uitreik-fliek 18:00 tot 20:00**<br>Almal is welkom! | 9<br>10:00 🕮<br>Pinkster<br>18:30 🕮<br>Pinkster | 10<br>10:00 🕮<br>Pinkster<br>18:30 🕮<br>Pinkster | 11<br>10:00 🕮<br>Pinkster<br>18:30 🕮<br>Pinkster | 12<br>10:00 🕮<br>Pinkster | 13 | 14 |
| 15<br>**Uitreik-fliek 18:00 tot 20:00**<br>Almal is welkom! | 16 | 17 | 18<br>**Solum 18:30** | 19 | 20 | 21 |
| 22<br>**Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15**<br>**Aanddiens 🕮 18:00** | 23 | 24 | 25<br>**Solum 18:30** | 26 | 27 | 28 |
| 29<br>**Jeugkuier 17:15**<br>**♫Youthbash♫ 18:00-19:30** | 30 | 31 | | | | |

"God is a God of missions. He wills missions. He commands missions. He demands missions. He made missions possible through His Son. He made missions actual in sending the Holy Spirit." **– George W. Peters**

# Sondag Selgroepe



Graad 8 –seuns & dogters

**Elsa** 082 468 0722







Graad 9/10 – seuns & dogters

**Andrea** 081 553 5661



Graad 11 – seuns & dogters

**Channelle** 072 575 8904







Graad 12 – seuns & dogters

**Stanwin** 079 525 5695

# Week Selgroepe

## SOLUM
NG GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID

Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18** en **35** is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

**Stanwin 079 525 5695**



# Info....








## Spreekure

**Kontak gerus vir Stanwin en maak 'n afspraak:**

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

**Enige een is welkom!**

**Stanwin 079 525 5695 (24/7)**







# Bemoediging...



As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy welkom om enige een van die Leiers te kontak en 'n afspraak met hulle te maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is belangrik vir ons!



## Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu, Hy is 11 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net `n ma wat na hom omsien, so die kanse vir behandeling of `n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om `n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring `n geldjie saam.

## Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand `n Jeugkuier waartydens daar dan nie kategese is waar al die jeug dan saam in die saal bymekaar nie, maar kom en lekker saam as n groot groep kuier, met koeldrank, chips en lekkers.




## Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.

Gaan like ons op Facebook.

NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



## Youthbash

**Wanneer**: Elke laaste Sondag van die maand

**Tyd**: 18:00 – 19:30 **Almal is Welkom!**

**Lofprysingdiens**



**ALLE KUNSTENAARS**

**BEGINNER OF PROFESSIONEEL**

**KOM NEEM VANJAAR DEEL!**

## KUNSUITSTALLING MET BYBELTEMA: 6 – 15 Mei

**Rietfontein-Noord Gemeente**

**h/v 24e Laan en Louis Trichardtstraat**




**TEMA: SEISOENE SAAM MET GOD**

**Inskrywingsfooi – R300**

**Navrae: Francois**

**francois@ngkrn.co.za**

**084 8608000**

# Belydeniskamp 2016



# Preekreeks




# Socials!



# Humor...


HA
HA


© KOBUS GALLOWAY
IDEES VOL VREES
WWW.KOMEDIE.CO.ZA
SONNEBLOMME


LUISLANG
IDEES VOL VREES


MOVEMBER
SNORKEL
IDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA


POOLTAFEL
IDEES VOL VREES
© KOBUS GALLOWAY
WWW.KOMEDIE.CO.ZA


VISTENK
IDEES VOL VREES


BYGELOWIG
IDEES VOL VREES

# Gebedsmuur…



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daagliks vervolging in die oë staar, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daagliks hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- **www.opendoors.org.za**

## Wêreldwaarnemingslys 2016:

1. Noord Korea
2. Irak
3. Eritrea
4. Afganistan
5. Sirië
6. Pakistan
7. Somalië
8. Soedan
9. Iran
10. Libië
11. Jemen
12. Nigerië
13. Maledive
14. Saoedi-Arab
15. Oesbekistan
16. Kenia
17. Indië
18. Ethiopië
19. Turkmenistan
20. Viëtnam
21. Katar
22. Egipte
23. Mianmar
24. Palestynse gebiede
25. Broenei
26. Sentraal-Afrikaanse Republiek
27. Jordanië
28. Djiboeti
29. Laos
30. Maleisië
31. Tadjikistan
32. Tunisië
33. China
34. Azerbaidjan
35. Bangladesj
36. Tanzanië
37. Algerië
38. Bhoetan
39. Comore
40. Mexiko
41. Koeweit
42. Kazakstan
43. Indonesië
44. Mali
45. Turkye
46. Colombië
47. Verenigde Arabiese Emirate
48. Bahrein
49. Niger
50. Oman

# Inligting oor van die lande

## Somalië 

Somalië verskyn al sedert 1993 op die Wêreldwaarnemingslys, en is byna altyd onder die top tien lande. Christene in Somalië word op alle terreine van die samelewing ernstig onderdruk. Daar is ’n doelbewuste poging onderweë, wat grens aan volksmoord of etniese suiwering, om Christenskap in Somalië uit te wis. Christene is ’n ongewenste groep mense in dié land.

Jy kan **Jesaja 41:18** bid: *“Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die laagtes; Ek sal die woestyn ’n waterplas maak en die dor land.*

## Interessante feite

- Streek - Afrika
- Leier - President Hassan Sheikh Mahamoed
- Bevolking - 11 079 000
- Hoof geloof – Islam
- 2015 se ranglysposisie – 2

Vir meer inligting besoek: **(https://www.opendoors.org.za)**

# Youth Bash







Ons wil jou vra om met elke Youth Bash geleentheid, om vir ons asb. te minste een blikkie kos sal saam bring as "toegang". As jy meer kan bring, sal dit wonderlik wees.







# Ons is nie God se adviseurs nie

*deur Stephan Joubert*

**(Artikel van www.ekerk.org)**

Ons is nie God se adviseurs nie, ons is sy knegte. Ons volg Hom nie in 'n adviserende hoedanigheid nie, maar in 'n dienende modus. Ons gebede is nie voorskrifte aan God oor hoe Hy moet optree nie. Die Here alleen bepaal die koers; ons loop dit agterna. Beteken dit ons mag nie nadink, vrae vra, of soms met Hom worstel nie? Nee, ons mag, maar dan gebeur dit altyd binne 'n verhouding van respek. Ons is volgelinge wanneer dit by die Here se dinge kom, nie padwysers nie. Ons luister na Hom en buig voor Sy wil. Ons hoor en vertrou.

Soms moet ons worstel om die regte koers te vind agter die Here aan. Sy pad is nie aldag ewe maklik begaanbaar nie. Soms is dit styl en gevaarlik. Daarom verdwaal ons nou en dan. Ook is ons partykeer oor raad verleë, soos wat Paulus in 2 Korintiërs 4 skryf. Genadiglik is die Here altyd naby, ook in ons af-dae. Hy los ons nie vir een enkele oomblik alleen nie. Ons is immers sy knegte, sy volgelinge en sy kinders. Ons is baie kosbaar vir Hom. Daarom lei Hy ons met groot genade.



# Ontspanning





## 'Bible Trivia'



**Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:**

**1. Wie se sig was herstel deur Ananias?**

a. Paulus

b. Petrus

c. Judas

**2. Hoeveel riviere het gevorm uit die rivier van Eden (Gen 2:10)**

a. 2

b. 5

c. 4

**3. Wie het gesê: "Wat my en my familie betref,ons sal die Here dien"?**

a. Johannes

b. Josua

c. Jesus

**4. Hoeveel was Judas betaal om vir Jesus te veraai? (Matt 26)**

a. 20 silvermuntstukke

b. 40 silvermuntstukke

c. 30 silvermuntstukke

**5. Hoelank was die Isrealiete in Egipte gewees?**

a. 430 jaar

b. 400 jaar

c. 40 jaar

**6. Hoeveel van Job se vriende het hom bygestaan toe hy deur `n moeilike tyd gegaan het?**

a. 3

b. 2

c. 4

**7. Hoe oud was Abraham toe Isak gebore is?**

a. 85

b. 75

c. 100

**8. Hoe lank was Goliat gewees? (1 Sam 17)**

a. 2.5 meter

b. 3 meter

c. 4 meter

**9.  Wie was Dawid se pa gewees?**

a. Isai

b. Obed

c. Salamo

**10. Watter een was die oudste broer?**

a. Moses

b. Äron

1:a 2:c 3:b 4:c 5:a

6:a 7:c 8:b 9:a 10:b



# Dawid



Dawid was God se kind,
Ja, hy was aan God gebind,

Maar Dawid het ook sondes gehad, Maar laat ons nie nou daaroor praat, Dawid het die groot reus Goliat verslaan, En sodoende as nommer een in Israel gestaan, En Dawid het voor die ark gedans, Skape opgepas en die lier gespeel saans

Dawid was Saul se grootste vrees, Saul het geweet hy sal na hom koning wees, Snaaks genoeg was Dawid se vriend sy seun, Jonatan het hom sy lewe lank ondersteun

En Dawid het baie psalms geskryf, Waarin hy God prys en sy vyande verdryf,
En die leeu en die beer het ander verskeur, Maar deur God het Dawid hulle ‘m les geleer

En God het uiteindelik vir Saul ontkroon, Na sy gruwelike sonde, Bestyg Dawid toe die troon, Maar ongelukkig het ook Jonatan Nie langer hier onder gewoon…

Maar Dawid moes die pad van alle mense gaan: Na byna vyftig jaar moes hy sy plek afstaan, En Israel het nooit weer so ‘n koning gehad nie Dis dìe dat ek nie oor sy sondes wil praat nie

En van een ding is Dawid weerhou: Nie hy nie, Sy seun Salomo sou die tempel bou, Maar Israel sou Dawid altyd onthou, En geen koning van hulle was sò lank aan God getrou…

Ja, selfs Dawid moes weg gaan, Hy moes sy plek aan Salomo afstaan,
En Israel het nooit weer so koning gehad nie, Dis dìe dat ons nie oor sy sondes hoef te praat nie. **–** ***deur Dawid Nel***

# Sudoku

THE NUMBERS GAME



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 4 | | | | | | | |
| | 3 | | 9 | 5 | 4 | 6 | | |
| 9 | 5 | | 6 | 1 | 3 | | 8 | |
| 5 | 9 | 6 | 3 | 7 | 8 | 4 | | 1 |
| | | | | | 5 | 3 | | |
| 3 | | 8 | | | | 5 | 9 | |
| | | 5 | 8 | 3 | 2 | | 4 | |
| | 8 | 9 | | | | | 5 | |
| 1 | 2 | 3 | | 4 | 9 | | 7 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | 6 | 7 | | 3 | 2 | 8 |
| 3 | 6 | 2 | | | 1 | | | 5 |
| | 7 | 8 | 4 | 3 | | 1 | 9 | |
| 9 | 5 | 4 | 1 | | | | 7 | |
| | 1 | 6 | | 5 | | 8 | | |
| | | | 9 | 2 | 6 | | 5 | |
| 4 | | | 3 | 6 | | | 1 | |
| 6 | 9 | | 5 | 1 | | 2 | | |
| 7 | | | | | | | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 5 | 3 | 9 | | | 6 | | |
| 4 | | 1 | 3 | 6 | 2 | 8 | 7 | 5 |
| | | | | | | | 3 | |
| | 6 | 2 | | | | | | 8 |
| 3 | 1 | 8 | | | | 4 | | |
| | 4 | | | 1 | 3 | 5 | 6 | 2 |
| | | 4 | | | 9 | 2 | | 6 |
| 6 | 8 | | 1 | 2 | 5 | 7 | | |
| 7 | | | 6 | | | 1 | 8 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | 2 | 9 | 5 | | 7 | 3 | 6 |
| 8 | | | 7 | | | | | |
| 6 | 7 | 3 | 1 | 2 | 4 | 8 | | |
| | 8 | 4 | 6 | | 3 | | 2 | |
| | 2 | | | 8 | | 4 | | |
| 7 | | 1 | | | | 3 | | |
| 2 | 5 | | 8 | 6 | 9 | | 4 | 3 |
| 9 | 1 | | | 4 | | 6 | | |
| | | | | 1 | | | | 8 |




There once was a little boy who wanted to meet God. He knew it was a long trip to where God lived, so he packed his suitcase with Twinkies and a six-pack of root beer and started his journey. When he had gone about three blocks, he met an old woman. She was sitting in the park just staring at some pigeons. The boy sat down next to her and opened his suitcase. He was about to take a drink from his root beer when he noticed that the old lady looked hungry, so he offered her a Twinkie. She gratefully accepted it and smiled at him. Her smile was so pretty that the boy wanted to see it again, so he offered her a root beer. Once again she smiled at him. The boy was delighted! They sat there all afternoon eating and smiling, but they never said a word.

As it grew dark, the boy realized how tired he was, and he got up to leave but before he had gone more than a few steps, he turned around, ran back to the old woman and gave her a hug. She gave him her biggest smile ever. When the boy opened the door to his own house a short time later, his mother was surprised by the look of joy on his face. She asked him, “What did you do today that made you so happy?” He replied, “I had lunch with God.” But, before his mother could respond, he added, “You know what? She’s got the most beautiful smile I’ve ever seen!” Meanwhile, the old woman, also radiant with joy, returned to her home. Her son was stunned by the look of peace on her face and he asked, “Mother, what did you do today that made you so happy?” She replied, “I ate Twinkies in the park with God.” But, before her son responded, she added, “You know, he’s much younger than I expected.”

**Moral: God is everywhere. We just need to share our happiness and make others smile to feel him.**



# Noughts & Crosses

# Word Search

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | T | S | D | E | W | W | G | Y | S | B | G | A | I | J | Q | R | R |
| Y | G | L | O | R | I | B | B | Y | B | E | L | N | T | E | N | A | E |
| F | J | E | B | A | G | J | O | E | N | G | E | L | H | S | H | A | D |
| R | P | M | R | G | K | O | D | N | J | A | K | O | B | U | S | T | R |
| T | N | E | M | A | T | S | E | T | U | O | O | I | N | S | E | L | A |
| W | I | H | P | H | M | N | C | H | O | F | F | E | R | U | E | A | A |
| U | D | R | I | E | E | E | N | H | E | I | D | G | Y | W | G | L | U |
| K | O | I | O | G | Q | R | E | D | R | E | H | E | F | W | E | A | U |
| W | J | R | L | N | K | U | L | T | U | S | Z | S | I | J | G | A | W |
| A | B | R | A | H | A | M | G | C | T | F | L | T | Q | M | I | B | M |
| U | I | I | A | Y | V | O | Y | E | C | Q | I | U | L | V | L | L | K |
| M | Z | Z | V | Y | O | F | M | Z | H | T | W | U | E | X | I | G | G |
| I | F | I | P | R | J | P | D | E | B | O | L | R | D | X | E | B | O |
| N | U | W | E | T | E | S | T | A | M | E | N | T | W | Q | H | H | D |

**Bybel** **Ou Testament** **Nuwe Testament**

**Baal** **Herder** **Gestuur**

**Offer** **Kultus** **Jesus**

**God** **Altaar** **Engel**

**Jakob** **Abraham** **Josef**

**Hagar** **Obed** **Hemel**

**Aarde** **Drie eenheid** **Duif**

**Heilige Gees**




Maak `n verskil hierdie Winter,
deur komberse en warmklere te skenk!
10 April tot 8 Mei 2016

# KONTAKBESONDERHEDE

**Leraars:**

**Ds. Leon van Heerden  083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com**

**Ds. Leon Tait  082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.**

**Pastorale hulpe:**

**Prop. Petro Jonker (Seniors)   072 048 9856/ petrojonker3@gmail.com**

**Stanwin Street (Jeug)   079 525 5695/ stanwins@gmail.com**

**Koster:**

**Elna du Plessis 012 331 3531/ 082 873 1184 (Weekkoster – Ma tot Vr)**

**Frans Viljoen 083 492 2824 (Naweekkoster – Sa en So)**

**Kerkkantoor:**

**012 331 3531**

**Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net**

**Elna du Plessis (Skriba) ngriet@telkomsa.net**

**GEBEDSLYN: 082 569 6590**

**GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za**

Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid

Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug

Twitter:@ngrietsuid

